*Afrika die Onbekende.*

# DIE BELGIESE KONGO EN ENKELE RESENTE ONTWIKKELINGE

## I. AGTERGROND.

(In administratiewe sin word die Mandaatgebied Ruanda-Urundi gewoonlik as behorende tot die Kongo beskou. In hierdie oorsig word dit egter ter syde gelaat en word alleen na die Kongogebied verwys).

### 1. Histories.

Die verbintenis van wat vandag bekend staan as die Belgiese Kongo met die Europese geskiedenis begin in 1482 toe die Portugese seevaarder Diego Cam die monding van die Congorivier (destyds bekend as Zaïre) ontdek het. Hierna volg 'n lang reeks ontdekkingsreise op die Kongostroom self en in die omliggende gebiede. Dit is 'n romantiese geskiedenis waarin die name van Cam, Tuckey, Burton en Speke, Livingstone en Stanley almal 'n ereplek verdien. Die Portugese pogings van 1491 om die Kongokoninkryke wat hulle daar aangetref het op Portugese politieke en godsdienstige lees te skoei het geen duursame gevolge gelewer nie. Die einde van die 18de eeu kon alleen nog enkele minder belangrike spore van die blanke en Christelike optrede opspoor.

Die eintlike geskiedenis van hierdie Sentraal-Afrikagebied is ten nouste verbonde aan die naam van Koning Leopold II van België.

By geleentheid van die Aardrykskundige Konferensie te Brussel (1876) wat deur Leopold II byeengeroep is, is oorgegaan tot die stigting van die Internasionale Afrika-vereniging vir die ontdekking en beskawing van Sentraal-Afrika. By monde van die sekretaris is dit op die tweede byeenkoms baie duidelik gestel dat die doel is om 'n Negerstaat te laat ontwikkel, nie 'n Belgiese kolonie nie.

Aan koning Leopold II se inisiatief sowel as aan sy private kapitaal is die aanvanklike stimulus te danke vir die ontdekkingstogte in en oopmaak van hierdie gebied.

Onderwyl is op die Berlynse Konferensie van 1884 breëre Europese staatserkenning verkry vir die Kongo-Vrystaat, 'n staat wat tot stand gekom het onder die inspirasie en dryfkrag van een man, bygestaan deur 'n partikuliere vereniging van internasionale samestelling en prakties beheer deur dieselfde Leopold II in persoonlike hoedanigheid. Selfs Engeland is deur Duitse en Franse en later ook Amerikaanse optrede gedwing om die bestaan van die staat te erken.

Die grootste probleme was aanvanklik nog finansieel. Die stryd teen die Arabiese slawehandelaars, die groot militêre uitbreidingskemas in die rigting van Tanganjika en die Nyl, die behoefte aan verkeersweë (veral spoorweë) het groot kapitaal vereis. Terselfdertyd het die stigtingsvoorwaardes

van die Berlynse konferensie vryhandel gewaarborg, en sodoende 'n moontlike bron van inkomste deur 'n heffing op invoere uitgeskakel. Die moontlikheid van hulp uit die Belgiese begroting was uiteraard ook afgesny.

Toe Leopold se beurs nie meer toereikend was nie, het hy maatskappye gefloteer om die broodnodige ontwikkelingskapitaal te vind. Met ander is kontrakte aangegaan vir ontwikkelingsdienste teen vergoeding in die vorm van grondtoekenning of van monopolië. Ten laaste moes hy tog sy toevlug neem na die Belgiese parlement vir 'n lening, nadat hy per testament die Kongo-Vrystaat aan die Belgiese regering bemaak het. Dit is die begin van die bestaan van staatsmonopolieë op rubber en ivoor en van die sg. arbeidsbelasting met sy onderdrukkende en aanvegbare gevolge op die inboorlingbevolking.

Juis hierdie instellings het uiteindelik gelei tot binne- en buitelandse proteste teen die bestuur van die Kongo-Vrystaat, totdat hierdie staat by Parlementsbesluit van 18 Oktober 1908 deel van België word. Wat tot dusver oorwegend 'n wingewes was, word nou 'n kolonie. Die Belgiese regering het, in die lig van die proteste van eie burgers en van buitelandse belanghebbendes en op grond van die ondersoekkommissie van 1906, 'n eerlike poging aangewend om die spore van persoonlike eksploitasie dood te veeg o.a. deur inperking van die maatskappymonopolieë en -grondbesit, afskaffing van belasting in die vorm van dienslewering, ens. Desnieteenstaande is die patroon van ekonomiese ontwikkeling deur groot maatskappye in plaas van deur individuele koloniste, nooit wesenlik verander nie, soos verder sal blyk.

### 2. Aardrykskundig.

Die Belgiese Kongo beslaan 'n oppervlakte van 2.345 miljoen vierkante Km. (80 maal so groot as België) in die hart van Afrika. Eintlik is dit 'n „binnekontinentale" gebied met 'n smal deurweg na die see en 'n kuslyn van slegs 35 Km. Die feit dat die Kongo feitlik wydsbeen oor die ewenaar staan, bring mee sekere klimaatseienskappe. Die dae is van byna onveranderlike lengte (6 vm. tot 6 nm.) en die seisoene in die noorde en suide is teenoorgesteld: in die noordelike deel duur die reënseisoen vanaf April tot Junie en weer van September tot Oktober; in die suide begin die reëntydperk teen 15 Oktober en met 'n kort onderbreking in Januarie duur dit tot half-April. Die topografie wissel vanaf laagvlaktes aan die Kongobekken, heuwelland dieper in, tot bergstreke in die ooste, die hooglande van Katanga en reënwoude van die ewenaar.

### 3. Verkeersweë.

Die pragtige bevaarbare dele van die Bo-Kongo was volkome onbruikbaar aleer 'n verbinding met die see bewerkstellig kon word deur die aanlê van spoorweë. Die goed ontwikkelde skeepvaartnet met 'n lewendige goedere- en passasiersverkeer word beheer deur twee groot maatskappye. Ook die spoorweë behoort aan partikuliere ondernemings (4 maatskappye). Die kommunikasiestelsel word verder aangevul deur betreklik goeie paaie van uiteenlopende kwaliteit (33,000 Km. hoofweë, 90,000 Km. plaaslike en 15,000 Km. privaat paaie — 1956). Die tienjaarplan beoog 'n besteding van 6½ mil-

jard franc vir die verdere ontwikkeling van die padstelsel. Die lugvaart is hoofsaaklik in hande van die bekende Belgiese lugvaartmaatskappy, SABENA.

4. **Bevolking.**

In 1957 was daar 113,400 nie-inlanders en 12,843,600 inboorlinge. Laasgenoemde bestaan hoofsaaklik uit Bantoes met ongeveer 2-3 miljoen Soedannegers, 'n klein groepie Nilote in die Noordooste en die Pigmeë van die woudgebiede. Die bevolkingsdigtheid is gevolglik relatief laag (5.36 per vk. Km. of ongeveer 13 per vk. myl). Ongeveer 22% van die inboorlingbevolking woon in die stedelike gebiede. Van die blankes was slegs 9,400 gevestigde koloniste (colons). Hiervan was die meeste betrokke by die handel en die res by die nywerheid en landbou. Die ambagte en professies huisves slegs 'n klein hoeveelheid. Blanke nedersetting en grondtoekenning aan blanke immigrante is nooit aangemoedig nie. Niemand mag meer as 500 Ht. grond besit nie.

5. **Ekonomies.**

Die ekonomiese patroon is sterk beïnvloed deur die historiese faktore. Die groot oppervlakte, klein bevolking en gebrek aan genoegsame ontwikkelingskapitaal in die aanvangstadia was mede-verantwoordelik vir 'n konsentrasie op mynontginning en landbou. Die konsessiebeleid van vroeër het ook onuitwisbare spore nagelaat. Die grootskaalse ondernemings neem die belangrikste plek in in die land se ekonomiese ontwikkeling. In 1952 was 51% van die loontrekkende bevolking in diens van 3% van die sake-ondernemings wat tesaam 86% van die totale kapitaalbelegging verteenwoordig het.

Die ontwikkeling en voorspoed van die Kongo berus in die eerste plek op sy minerale. Gepaard hiermee gaan die landbou. Die tradisionele Kongo-ekonomie is gebou op die uitvoer van grondstowwe wat deur die myne en die landbou gelewer is en op die invoer van werktuie en goedere vir die ontwikkeling van die bodemskatte. Hierdie twee pylers van die ekonomie van die Kongo is in die jare ná die Tweede Wêreldoorlog aangevul deur die opkoms van die fabriekswese. Die oorlogsjare met die enorme behoeftes van die krygsindustrie, die uitskakeling van die Maleise Argipel, Nederlands-Indië en ander markte en leweransiersbronne in die Ooste, het die belangrikheid van die Kongo as bron van grondstowwe beklemtoon en sy ekonomie sterk bevorder. Dit het op sy beurt gelei tot verhoging van die binnelandse koopkrag en tot skepping van 'n groter binnelandse mark. Die ontwikkeling van die fabriekswese is dan ook in die eerste plek ingestel op vervaardiging van verbruikersgoedere.

Die landboubedryf het ontwikkel uit die tradisionele Bantoe-landbou op 'n bestaansbasis, en die eerste monopolistiese „gedwonge" rubber-ontginning tot die invoer en kweek van nuwe kontant oeste en nywerheidsgewasse. Die huidige landboubeleid is toegespits op voorsiening in die behoeftes van die bevolking van die groot stedelike sentra, verhoging van die produksie per oppervlakte-eenheid en sodoende 'n inkomsteverhoging uit die verbouing van katoen, koffie, gars, palm-produkte, mielies, grondbone, rubber, tee, pyre-

thrum, veselgewasse, ens. Die bosbou en veeteelt (beeste) behoort ook hierby. Katoenverbouing is vanaf die begin beskou as 'n moontlikheid waardeur die inboorlingbevolking 'n nuwe, stabiele en groter inkomstebron kan verkry. Dit is dan ook vandag een van die grootste suksesse van die inboorlinglandbou. Ook in die koffieverbouing het die inboorlinge 'n al groter belangstelling getoon. Die kleiner en middelmatige planters het op dié gebied aansienlike vordering gemaak ten opsigte van koöperatiewe verkope. Die palmprodukte en rubber is hoofsaaklik in die hande van groot ondernemings.

In 1949 het die Minister van Kolonies sy sg. tienjaarplan vir die ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die Kongo aangekondig. Dit beoog hoofsaaklik 'n uitgebreide program van openbare werke soos moderne verkeersweë, woningbou, wetenskaplike navorsing op kartografiese, geologiese en hidrologiese gebied, weerkundige dienste, tele-verbindinge, water-voorade, elektrisiteitsvoorsiening, onderwys en higiëne en landbou-ontwikkeling. Die werklike koste is in 1953 geraam op 60 miljard franc. Noemenswaardig is ook die hidro-elektrise skema of Inga-projek. Hiermee word beoog die afdamming van die Kongo tussen Boma en Leopoldstad. Die waterverplasing van 40,000 kub. meter per sekonde sal na berekening 30 miljoen Kw. opwek, en behoort oor tien jaar voltooi te wees.

### 6. Arbeid en Arbeidsbeleid.

Soos oral in Afrika het die arbeidsvoorsiening ook in die Kongo vanaf die vroegste jare 'n probleem gelewer. Die oorspronklike stelsel van 'n „arbeidsbelasting" het tot soveel wanpraktyke en praktiese uitbuiting grensende aan slawerny gelei dat die stelsel onder die Belgiese regime tot niet gemaak is. Die stelsel van groot ondernemers met daarmee gepaard gaande neiging tot die ontwikkeling van myn-, handels- en ander sentra met 'n hooggekonsentreerde arbeidsaanvraag, het die gevaar gebring van toestroming uit die landelike gebiede na hierdie sentra. Die arbeidsbeleid was derhalwe van vroeg af daarop ingestel om die uitvloei van die arbeiders na die myne en ander sentra te reguleer. Daarmee moes twee doeleindes bereik word, nl. voorkoming van die onttrekking van te veel mannekrag aan die landelike gebiede en die opbou van 'n gestabiliseerde arbeidsbron in die nywerheidsgebiede. Sedert die Tweede Wêreldoorlog is die stadwaartse neiging so sterk dat 'n demografiese onewewigtigheid nie heeltemal voorkom kon word nie.

Die betreklik liberale behuisingvoorsiening in die stedelike inboorlingdorpe het vanaf die begin gesinsvestiging moontlik gemaak, sodat trekarbeid uiters beperk is.

Die Belgiese owerheid het nooit 'n industriële kleurslagboom gesanksioneer nie. Die gebruik van tegnies geskoolde inboorlingvakmanne is dan ook opmerklik. Voor 1957 het spesiale wetgewing in die Kongo die vryheid van assosiasie van blanke en nie-blanke werkers gereguleer. Oor die algemeen het die nie-blankes nog nie oor die rypheid en ervaring van die blanke arbeidsmag beskik nie. Tog was daar reeds sedert 1946 'n stadig ontwikkelende vakuniebeweging. In 1950 was daar reeds 49

unies met 5,175 lede. Nege hiervan was bloot tydelik. Die 40 permanente unies het in 1951 aangegroei tot 45 met meer as 6,000 lede, in 1952 tot 59 met meer as 7,000 lede en in 1956 tot 60 unies met 7,500 lede. In 1957 is die ou regulasies vervang deur 'n dekreet wat van toepassing was op alle werkers behalwe staatsamptenare. Dit maak voorsiening vir kollektiewe beslegting van arbeidsgeskille; die werkure (8 uur per dag en 48 uur per week), amptelike vakansiedae, betaalde vakansie en vry mediese dienste is statutêr bepaal.

7. **Bestuur en Administrasie.**

Die **Charte Coloniale** van 1908 het aan die Kongo 'n afsonderlike regspersoonlikheid toegeken naas die moederland. Die hoogste bestuursgesag is opgedra aan die sentrale Belgiese regering, maar die wetgewende en uitvoerende mag is aan die koning gedelegeer. Dié funksies oefen hy uit deur dekrete en besluite wat aan die Minister van Kolonies voorgelê word. Die Koloniale Raad is 'n liggaam met blote konsultatiewe mag. Die Parlementêre beheer is geleë in die goedkeuring van die jaarlikse begroting. In die kolonie self word die koning verteenwoordig deur 'n Goewerneur-Generaal wat alleen in noodgevalle ordonnansies kan uitvaardig. Hy word bygestan deur 'n adviserende regeringsraad bestaande uit benoemde en genomineerde amptelike en nie-amptelike lede. Aan die hoof van elke provinsie staan 'n Goewerneur wat op sy beurt ook weer geadviseer word deur 'n ooreenkomstige liggaam. Die distrikte van elke provinsie staan onder gesag van 'n distrikskommissaris.

'n Beoordeling van die bestuurstelsel en politieke toestande in die Kongo moet rekening hou met die feit dat, tot aan die einde van 1958, niemand, blank of nie-blank, enige stemreg of politieke seggenskap besit het nie. Die Regeringsraad en selfs die Koloniale Raad is bloot adviserend. Soos in die Britse, maar anders as in die Franse gebiede, het die Kongolese geen verteenwoordiging in die Belgiese Parlement nie. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het 'n politieke bewuswording onder die blanke nedersetters duidelik begin word met die uiting van 'n strewe om medeseggenskap in die beheer van die gebied te verkry. Onder die nie-blankes was daar weinig politieke organisasies en dié was hoofsaaklik beperk tot die sg. evoluees, d.w.s. die sosiaal, ekonomies, en opvoedkundig ontwikkeldes met 'n strewe na die Europese lewenswyse en -peil. Tydens die munisipale verkiesings van 1957 het twee partye mekaar beveg, nl. die Bangala Assosiasie en die Abako. Lg. het ontstaan uit 'n kulturele beweging vir die behoud van die Bakongotaal, met Kasavubu aan die leiding. Hierdie groep het 'n klinkende oorwinning behaal, en tydens Kasavubu se instelling as burgemeester het hy onmiddellike en onvoorwaardelike onafhanklikheid geëis. Die politieke verdeling berus blykbaar hoofsaaklik op stamlojaliteit met 'n voorliefde onder die ontwikkeldes vir die Bangala Assosiasie. Net voor die onluste in Januarie 1959 was daar in Leopoldville 4 partye: Abako, Bangala Federasie, Nasionale Kongolese Beweging en Kongolese Progressiewe Unie. Na die regeringsverklaring het die partye aan-

gegroei tot ongeveer 20. Die Abako is verplig om te ontbind as gevolg van sy vermeende aandeel in die onluste. Gedurende April 1959 het die politieke partye te Lulua samesprekings gehou met die oog op federasie, maar blykbaar sonder sukses. Die politieke programme beklemtoon sonder uitsondering onafhanklikheid hetsy federaal of uniaal, erken die noodsaklikheid vir die aanwesigheid van Belge en ontken enige rasse-vooroordele. Die Belgiese beleid is beskryf as paternalisties. Die gladde verloop hiervan is slegs enkele kere versteur, soos deur die Kimbanga-beweging van 1951 en die Kitiwala-opstand van 1940-41. Albei was die gevolge van kwasi-religieuse, sektariese bewegings onder leiding van sg. profete.

Wat die bestuur van die nie-blankes betref, het België 'n kolonie oorgeneem sonder enige ervaring van so 'n taak. Vroeg reeds was daar in die inboorling-administrasie 'n neiging te bespeur tot die sg. stelsel van indirekte beheer, d.w.s. tot gebruikmaking van inheemse gesagspersone en -instellinge as deel van die administratiewe masjinerie. Dit vorm dan ook die grondslag vir die dekreet van 1933. Vir die gemengde stedelike konsentrasies is voorsiening gemaak vir inter-etniese rade met administratiewe funksies, bepaalde regsbevoegdheid, beperkte wetgewende magte en bevoegdheid om klein heffings op te lê. Maar selfs die basiese en tradisionele inboorlingowerhede in de landelike gebiede is geleidelik gedemokratiseer en verwesters deur toevoeging van verwesterde lede uit die algemene bevolking tot die hoofmanne en erflike raadslede.

Die verstedelikingsproses het nuwe toestande geskep en eise meegebring. In antwoord hierop is die **centres extra-coutumiers** geskep met 'n inter-etniese raad van beheer onder toesig van 'n sentrale **comite protecteur**. Die skema het groot verwagtings laat ontstaan, maar het gely onder gebrek aan genoegsame bekwame Bantoe, sodat dit in die praktyk grootliks weer verval het onder amptenaars-beheer. In 1945 is die status van 3 van die **centres** per dekreet verhoog tot dié van **cité indigene.** Bewoning van die **centres** is onderhewig aan permitte wat alleen uitgereik word aan persone wat geëmplojeer is. Sedert 1898 het verskeie wette die gekleurdes verplig om te woon in gebiede wat vir hulle afgesonder is, sodat sowel die **centres extra-coutumiers** en die **cite indigene** parallelle is van ons lokasie of Bantoedorpe. Ook in die Kongo mag geen blanke, sonde permit, in die gebiede woon nie.

Tot onlangs was die politieke toekoms van die Kongo vir elke student van die inboorlingadministrasie in Afrika 'n geslote boek. Afgesien van 'n enkele persoonlike uitlating was daar geen amptelike beleidsverklaring oor die aangeleentheid nie. Die beleid het neergekom op 'n gematigde differensiasie. Blykbaar is die hoop gekoester — dit is ook uitdruklik beweer — dat absorbering in die ekonomiese lewe alle politieke strewe sou neutraliseer. België moes optree as vaderlike en absolute arbiter tussen die twee rassegroepe totdat die inboorlinge volkome in staat sou wees om volle politieke verantwoordelikheid te aanvaar. Maar die hele beleid het duidelik gespreek van 'n

uitgangspunt dat politieke regte sekondêr gestel word teenoor verhoging van die ekonomiese en sosiale lewenspeil.

Die Belgiese beleid — en die botsing tussen teorie en praktyk — kom die duidelikste uit in die stelsel van **matriculation.** In 1892 is reeds voorsiening gemaak vir die registrasie van inboorlinge wat hulle onderwerp aan die Belgiese regstelsel. Maar hiervan het nie veel tereg gekom nie. 'n Ondersoek van 1935 het gelei tot die aanbeveling dat die judisiële mondigheid gebaseer behoort te word op kulturele en beskawingsmondigheid. Sommige wou die registrasie beperk tot 'n klein elite van werklik verwesterde Bantoe, 'n ander wou voorsiening maak vir die wye groep van intermediêre inboorlinge. Die dekreet van 1952 maak voorsiening vir 'n proses wat vergelyk kan word met naturalisasie. Registrasie gee nie vrystelling van alle differensiërende regulasies m.b.t. gekleurdes nie maar stel hulle alleen onderhorig aan die blanke reg, maak hulle geregtig op die burgerlike kode en gee gelyke regte op openbare vervoermiddels: die oplossing is geensins as bevredigend beskou nie. So ook nie die **carte du Merité civique** (1948) nie, wat aan die houer van tyd tot tyd daarop gespesifiseerde regte verleen.

By afwesigheid van 'n gewettigde en/of praktiese kleurslagboom in die arbeid, was daar tog allerlei wetlike differensiasie, woonbuurtskeiding en gedeeltelike apartheid in die onderwys. Vir die blanke skoolbevolking is op toenemende wyse voorsiening gemaak.

Voor 1953 is persone van gemengde bloed met 'n Europese opvoedingsagtergrond tot die skole toegelaat, en daarna ook inboorlingkinders met besondere begaafdheid (in die middelbare skole). Die basiese onderwys vir die inboorlingkinders word in afsonderlike skole gegee. Daarbenewens voorsien 70 openbare, ± 200 gesubsidieerde en 70 niegesubsidieerde institute in die tegniese onderrig van die nie-blankes. In die opvoeding word 'n ruim plek gegee aan tegniese opleiding. Die skoolbevolking tel ongeveer 1.7 milj., wat 'n betreklik hoë geletterdheidsyfer gee. Die groeiende bevolking en die eise vir volle deelname in die nuwe bedeling maak die uitbreiding van onderwysfasiliteite dringend noodsaaklik. Die Roomse Kerk het begin met die Lovanium-sentrum as proefneming in voor-universitêre onderrig. Dit lei in 1955 tot die stigting van die Universitêre Instituut Lovanium met 'n rasgemengde studentetal. Die in 1955 gestigte Usumbura voor-universitêre inrigting word die jaar daarop die amptelike Universiteit van Elizabethstad met 'n ewe-eens rasgemengde studentetal.

## II. DIE ONTWIKKELINGE VAN 1959.

### 1. Die onluste (Jan. 1959).

Alhoewel die onluste in Leopoldville net na Nuwejaarsdag 1959 nie die oorsaak van die nuwe regeringsbeleid was nie maar hoogstens 'n bespoedigende effek daarop uitgeoefen het, is dit nodig om kortliks te let op die bevindinge insake die oorsake daarvan. 'n Kommissie van ondersoek is onmiddellik aangestel, en die verslag lê klem op sosiale en politieke faktore. Onder e.g. word genoem verhoudinge tussen blankes en nie-blankes, onreëlmatige stadwaartse trek met gevolglike oorbewo-

ning en gebrek aan higiëne; werkloosheid as gevolg van die resessie; onvoldoende skole vir kinders en jong mense; arbeidstoestande en die invloed van vakunies. Die politieke faktore word beskryf as onbekwame administrasie, die verskeie nasionalistiese bewegings, godsdienstige wrywinge, oneffektiewe nuusdienste en vreemde invloede soos dié van die Accra-konferensie.

2. **Nuwe Beleidsverklaringe.**

Op 18 November 1958 het die Belgiese regering aangekondig dat hy sy standpunt ten aansien van die politieke en administratiewe toekoms van die Kongo opnuut gaan bepaal. Hierdie voorgenome hervormings sou gebaseer wees op die aanbevelings vervat in die verslag van 'n studiegroep wat aangestel is in Julie 1958. Voordat die verslag nog gepubliseer was en gegewens beskikbaar was oor die voorgenome hervormings, het die gewelddadighede op 4, 5 en 6 Januarie 1959 in Leopoldville uitgebreek. Die boodskap van die Koning aan die Belgiese Parlement op 13 Januarie en die regeringsverklaring van dieselfde datum is, volgens die Belgiese Regering, die vrug van genoemde ondersoek en nie 'n blote reaksie op die onluste nie.

3. **Die Ondersoek van 1958.**

Volgens verklaring van die Minister van Kolonies, mnr. Pétillon, op 30 Julie 1958, was hy van voorneme om 'n beleidsverklaring aan die parlement te doen oor die politieke en administratiewe ontwikkeling van die Kongo. Die studiegroep wat vir die doel saamgestel is, het gedurende Oktober en November die Kongo besoek en in al die provinsiale hoofstede onderhoude gevoer met leidende persoonlikhede, selfs uit die agterlikste dele van die land. Op grond van die onderhoude en waarneminge het die studiegroep tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

a. Daar was 'n byna eenparige begeerte dat België sonder verdere versuim die grondliggende doelstellings wat vir die Kongo beoog word moet formuleer tesame met die program waardeur dit geïmplementeer kan word. Oor die uiteindelike doel was daar blykbaar groot meningsverskil onder die Kongolese, hoewel die meerderheidsgroep blykbaar ten gunste daarvan was dat België die Kongo moes lei tot interne outonomie. Op daardie stadium kon die toekomstige staatsregtelike verhouding tussen die twee gebiede deur onderlinge ooreenkoms bepaal word.

b. Oor die vraag na die tempo waarmee die selfbestuur verwesenlik moes word, was daar ewe-eens meningsverskil. Die meeste was ten gunste van 'n vinnige tempo sodat die Kongo „so gou moontlik" sy binnelandse aangeleenthede self kan bestuur. In die verband is dan verwys na die ontwikkelingsgang in die naburige gebiede. Ander was ten gunste van 'n stadiger pas wat beter rekening sou hou met die opvoedkundige vooruitgang en ekonomiese progressie.

c. Die meerderheid was nie ten gunste van die bepaling van 'n vaste datum vir die verkryging van selfregering nie. Belangrike groepe het dit wel bepleit op grond van die gedagte dat dit die heethoofdiges sal kalmeer en almal 'n geleentheid bied om hulle behoorlik voor te berei vir dié dag.

d. Vir die bereiking van uiteindelike outonomie beskou die verslag drie voorwaardes as onontbeerlik, t.w. verbetering van die verhoudinge tussen blank en swart; vernietiging van alle nog bestaande rassediskriminasie, en ten slotte die toegang van inboorlinge tot alle poste in die openbare en private administrasie en in die politieke organisasie en administrasie.

e. 'n Groot meerderheid was ten gunste van 'n geleidelike oordraging van die magte en voorregte van die sentrale administrasie in Brussel aan die Kongolese regering, en dat die beginsel ook toegepas sou word deur semi-staatsbeheerde liggame en sake-ondernemings.

f. Oor die algemeen was daar 'n begeerte vir die uitbreiding van skolastiese, tegniese en beroepsopleiding; 'n hersiening van die grondbesitstelsel; wetlike erkenning van die vryheid van die pers, openbare byeenkomste, assosiasie, reis en godsdiens en dat België die nodige finansiële hulp sal verleen vir die ontwikkeling van die Kongo.

g. Die aanbevelings van die groep is feitlik sonder wysiging deur die regering aanvaar. Dit behels hoofsaaklik die beginsel van 'n tweekamer-regering beginnende met 'n Algemene Raad (later die Volksraad) en 'n Wetgewende Raad (later die Senaat). Wat die uitvoerende funksies betref, bepleit die groep 'n stelsel van adviserende rade vir alle gesagspersone vanaf die Goewerneur-Generaal tot by die plaaslike burgemeesters.

4. **Die Koning se Boodskap.**

Met 'n herinnering aan Leopold II se oogmerke om die agterlike gebiede vir die Europese beskawing oop te stel deur die bevolking aan slawerny, siekte en ellende te ontruk en aan hulle vryheid en welvaart te bring, het Koning Boudewyn op 13 Januarie 1959 die parlement meegedeel dat die regering die nobele onderneming wil voortsit. Die uiteindelike doel van die Belgiese strewe is om in voorspoed en vrede die Kongolese bevolking te lei op die weg na onafhanklikheid, sonder uitstel maar ook sonder onbesonne haas.

Waarskuwend het hy hierby gevoeg: in 'n beskaafde wêreld verenig en waarborg onafhanklikheid vryheid, orde en vooruitgang. Dit is nie te bereik sonder hegte en ewewigtige instellinge, voldoende ervare amptenare, 'n stewig gevestigde sosiaal-ekonomiese organisasie in die hande van bekwame tegnici en 'n intellektuele en morele vorming van die bevolking, waarsonder 'n demokratiese stelsel slegs spot, bedrog en dwinglandy kan wees nie.

Die taak van die Belgiese voog is derhalwe om eers hierdie grondslae te help verwesenlik, en hoewel daar simpatie is vir die versugtinge van die swart Kongolese, het die Belgiese regeerder ook die reg op hulle lojale medewerking.

5. **Die Regeringsverklaring.** ......

Die beleidsverklaring van die regering by monde van die Eerste Minister en die Minister van Kolonies het die volgende behels:

a. Die Kongolese bevolking het onder beskerming van België so 'n ontwikkelingsgraad bereik dat 'n nuwe stap nou oorweeg kan word. Sodanige stap behoort met bekwame spoed te geskied in ooreenstemming met die vinniger

tempo wat oral in die wêreld te bespeur is in die ontwikkeling van allerlei instellinge.

b. België is van voorneme om in die Kongo 'n demokrasie te vestig wat bekwaam sal wees om die soewereiniteitsprerogatiewe uit te oefen en uiteindelik oor sy eie onafhanklikheid te beslis. Die Belgiese staat wil as ondertekenaar van die Handves van die Verenigde Volke die Kongolese, soos in die verlede, lei totdat hulle bekwaam sal wees om hulleself te bestuur.

c. As voorwaardes vir die selfbestuur word noodsaaklik geag 'n stewige politieke instelling om 'n leefbare demokrasie te waarborg, 'n ekonomie en landswelvaart gebaseer op die arbeid van die landsburgers en 'n klimaat van vertroue en 'n behoorlike lewensstandaard vir elke arbeidersgroep. Ten slotte kan die doel alleen nagestreef word in samewerking met die inwoners van die Kongo en hulle sal geraadpleeg word by elke verdere stap in die proses.

d. Die politieke konstruksie moet van bo tot onder sy gesag ontleen aan die algemene stemreg. Uitoefening van die stemreg moet, met inagneming van die ontwikkelingspeil van die kiesers, gereël word. Dit sal ook nie net tot die stede beperk bly nie. Skeiding van magte is gebode.

e. Termyne sal vasgelê word vir verwesenliking van omskrewe doelstellinge met inagneming van die noodsaaklike stadia van demokratisering.

f. Die uitgestrektheid van die gebied vereis dekonsentrasie en desentralisasie van bestuursmagte.

g. Voorlopig moet die assosiasie tussen België en die Kongo onveranderd bly. Aan die einde van die evolusie kan daaroor beslis word.

6. **Die voorgestelde wysiginge.**

In dieselfde verklaring beloof die regering om die volgende politieke struktuur te vestig:

a. Die munisipale rade en die groot meerderheid van die gebiedsrade op die platteland sal deur algemene stemreg verkies word. In hierdie basiese politieke struktuur sal alle Kongolese betrek word op 'n voet van gelykheid van regte en pligte.

b. Alle distrikte (geweste), wat eintlik die basis-eenheid is, sal deur 'n raad bestuur word waarvan die meerderheid deur algemene stemreg gekies word.

c. Die gekose raadslede van die gewesterade sal saam met die munisipale raadslede optree as kieskollege vir die meerderheid van die provinsiale raadslede en later ook vir die lede van die Algemene Raad.

d. Die Algemene Raad van die Kongo sal die bestaande Regeringsraad vervang en sal die begin wees van 'n Kamer van Volksverteenwoordigers.

e. Parallel aan die Algemene Raad sal 'n wetgewende Raad ingestel word wat die voorloper van 'n Senaat sal wees. Hierdie Raad sal saamgestel word deur die Provinsiale Rade en uit lede wat benoem word soos tans vir die Koloniale Raad wat deur die nuwe Raad vervang word.

f. Die Algemene Raad en Wetgewende Raad sal saam die deel van die wetgewende en beslissingsbevoegdheid besit wat deur die wet geleidelik aan hulle toegeken word.

g. Die uitvoerende mag sal na

gelang van die verloop van die administratiewe en politieke ontwikkeling, bygestaan word deur 'n beperkte kollege uit die betrokke raad.

h. Elke spoor van rasseonderskeid sal uit die daaglikse lewe en uit die wette geveeg word. As 'n begin het die Koning reeds die sg. eenheidstatuut geteken wat aan alle Kongolese toegang verleen tot alle grade in die bestuursmasjinerie en wat op 1 Januarie in werking getree het.

i. Verder is ook belowe: verdere geregtelike hervorming, verbetering van die arbeidswetgewing, uitbreiding en verbetering van die onderwys, hersiening van die grondbeleid.

7. **Uitvoering van die Beleid.**

Met die beleidsaankondiging is ook beloof dat die Munisipale Rade en die distriksrade aan die einde van 1959 verkies en die Provinsiale Rade voor die sitting van Maart 1960 saamgestel sal word. Vanaf Maart 1959 sou elke Provinsiale Raad twee raadslede aanwys om met die Wetgewende Raad sitting te neem. Hierdie Wetgewende Raad, wat nou die vroeëre adviserende Koloniale Raad vervang, is op 11 Mei reeds gekonstitueer, bestaande uit lede van die eertydse Koloniale Raad benoem deur die Koning, o.w. die Minister van Kolonies; lede benoem deur die Senaat, deur die Volksraad en deur die Kongolese provinsies.

Die proef op die som moet natuurlik nog gelewer word. Dat daar groot struikelblokke te oorkom is, besef die Belgiese regering en hoë regeringsamptenare blykbaar ook terdeë. Soos in Suid-Afrika word die opbouprogram in die Kongo veelal ook bemoeilik deur oorhaastigheid van die nie-blankes en aanvalle van 'n oningeligte, sensasiebeluste buitelandse pers. (Vgl. die **Atlantic Monthly**, April 1959, en die antwoord van die Belgiese Inligtingsbeampte in New York in **Belgian Congo**, Julie 1959). Die toesprake van hooggeplaastes weerspieël sommige van die probleme. In 'n toespraak voor die Belgiese Persvereniging het die heer Van Hemelrijck, Minister van Kolonies, hom geroepe gevoel om ernstige waarskuwings uit te spreek:

a. Sommige kleef vas aan die ou regime sonder besef van die dinamiese gang van sake. Ander probeer om ontwikkelinge vooruit te loop en om die ontwikkeling te versnel tot 'n tempo geheel onversoenbaar met die werklike belange van die bevolking. Hiervoor maak sommige bowendien gebruik van ondermynende propaganda.

b. Aan die een kant openbaar die blankes 'n ongeregverdigde vrees terwyl die inboorlinge in hulle nuwe politieke aktiwiteite geneig is tot emosionele wedywering en oordrywing.

c. Die hoofmanne toon 'n ewe groot vrees oor hulle posisie. Aan hulle word die versekering gegee dat die ontwikkeling van die Kongo, vir sover dit die regering betref, nie die eliminering van die staminstellings beoog nie. Dit is nie die doel om die Europese oplossings aan die bevolkings op te dring nie, maar om die oorspronklike aanpassinge, wat beantwoord aan hulle karakter en tradisies, in die hand te werk (koninklike boodskap). Die hoofmanne sal tewens ook verteenwoordig word in alle openbare liggame sonder inagneming van die algemene stemreg.

d. Die grootste en gevaarlikste struikelblok is die rasseverhoudinge. Die slegte gedrag van een blanke neutraliseer die goeie optrede van 99 ander. Die naturelle word gewaarsku teen oorgevoeligheid en opgeroep tot 'n begrip van die moeilikhede in die transformasieprogram.

„Verafrikanisering" van die Staatsdiens is een van die aspekte van die nuwe beleid wat blykbaar besondere aandag geniet. Die provinsiale Goewerneur van Leopoldville het in Mei reeds daarop gewys dat verandering van die politieke struktuur alleen nie genoegsaam is nie. Politieke verteenwoordigers behoort nie toegelaat te word om te kritiseer as hulle nie die reg het om te regeer nie. Derhalwe beskou hy dit as dringend noodsaaklik om die grootste aantal Kongolese op te neem in die uitvoerende en regstelsel op alle vlakke. Vir die doel moet hulle opgelei en in diens geneem word. Die standpunt is deur die Minister van Kolonies onderskryf met die byvoeging dat sekere staatsdiensregulasies gewysig sal moet word en dat private ondernemers eweeens inboorlinge met groter verantwoordelikheid moet vertrou.

Die nuwere politieke oplewing en aansprake op volledige demokratiese regte en voorregte, bied blykbaar 'n ander belangrike en moontlik selfs gevaarlike obstruksie op die voorgestelde ontwikkelingspad. Die Minister van Kolonies het by sy beloftes om wetgewing in te dien ter regulering van die vryheid van assosiasie, van openbare byeenkomste en van die pers, ernstig gewaarsku teen onverantwoordelike gebruik van die regte en teen anargie. Die wetsontwerpe beoog die erkenning van politieke partye, maar lê grense neer vir hulle bedrywighede. Enige aktiwiteit wat bereken is om die openbare orde te versteur, sal lei tot ontbinding en daarna stel sy leiers hulle bloot aan vervolging. Die Minister is in die opvatting verder versterk na 'n besoek aan die Laer-Kongo, waar hy bevind het dat enkele partye soos die Abako en die Nasionale Beweging die hele gebied in 'n toestand van opgewondenheid gebring het. Trouens, die politieke propaganda van verskeie partye bly „hoogs aggressief".

Ekonomiese vraagstukke, vervleg soos hulle gewoonlik is met politieke en sosiale verskynsels en probleme, is ongetwyfeld een van die sake wat die voorgenome program in ernstige gevaar kan stel. Onwillig om die onluste te wyt aan nasionalistiese wortels, beweer die Belgiese bewind dat die ekonomiese resessie en gevolglike werkloosheid die grondoorsaak van die onluste in Leopoldville was. Die aanwesigheid van ongeveer 25,000 werkloses in Leopoldville — nieteenstaande die pogings om die binnekoms van plattelandse naturelle te voorkom — sou die werklike oorsaak van die ontevredenheid en opstandigheid wees. 'n Spesiale ondersoeker na die probleem van werklose jeugdiges kom ook tot die gevolgtrekking dat daar in die groot Kongolese dorpe te min skole is, maar bowenal dat daar nie genoeg werksgeleenthede vir die skoolverlatende seuns is nie. Alle klem word gevolglik gelê op meerdere werkverskaffing en verhoging van lewenstandaard. Hieronder val planne vir groot publieke werke, 'n terug-na-

die-land-beleid in die vorm van plattelandse gemeenskappe om Elizabethville, bebossingsprogramme en gemeenskapswerke. Vir die beplande bereiking van groter ekonomiese stabiliteit en ontwikkeling word 'n tweede Tienjaarplan beoog. Hierdeur moet voorsiening gemaak word vir die groeiende bevolking, vir die uitskakeling of vermindering van die afhanklikheid van die buitelandse mark; integrasie van die plattelandse bevolking in die geldekonomie en uitskakeling van die onewewigtigheid tussen die plattelandse en stedelike bevolking.

Met betrekking tot die verhouding van die ekonomie en politiek van die Kongo het die Minister 'n paar belangrike beleidsuitsprake en waarskuwings gegee. Onafhanklikheid sluit nie noodwendig noue (ekonomiese) assosiasie tussen België en die Kongo uit nie. Onafhanklikheid alleen sal nie die ekonomiese probleme oplos nie. Die Kongolese moet besef dat platoniese verklaringe ter verwelkoming van vreemde kapitaal en tegnici geen waarborg vir die koms daarvan is nie. Daar moet 'n vertrouensatmosfeer geskep word deur ordelikheid en stabiliteit van regering. België is in elk geval nie van plan om af te sien van sy politieke magte alvorens hy oortuig is van die veiligheid van sy kapitaalbeleggings in die Kongo nie.

Dit is op hierdie stadíum nog nie moontlik om te oordeel watter rol die vakbondbeweging in die nuwe konstellasie sal speel nie. Dit is miskien betekenisvol dat die leiers van die vakbonde en van die werkgewersorganisasies op 21 Mei 1959 'n **Pacte Social** geteken het waardeur albei partye die vakbondbeweging erken, die reg om aan vakunies te behoort, die reg tot vrye keuse van lidmaatskap, reg van staking na alle pogings tot konsiliasie gefaal het, en met regtelike kennisgewing van sodanige voorneme. Dit skyn 'n veiligheidsmaatreël van die werkgewers te wees ten einde 'n ooreenkoms in goeie trou aan te gaan voordat politieke emosionalisme die vakbonde op 'n gevaarlike spoor kan plaas.

8. **Gevolgtrekkinge.**

Uiteraard sal dit voorbarig wees om nou al 'n oordeel uit te spreek oor wat bereik is of sal word. Die konkrete uitvoering van die beloftes is nog maar heel aan die begin. Die groot struikelblokke lê nog voor. Sal die mate van rasse-spanninge en -vooroordele in die praktyk so maklik uitgewis kan word as in die geskrewe wette? Hoe geduldig en redelik gaan die nie-blanke politieke partye wees? Kan toestande soos werkloosheid e.d.m. wat neig om ontevredenheid te stimuleer genoegsaam geweer word? Kan diskriminerende wette en regulasies soos dié op bevolkingsverskuiwing, sonder nadelige gevolge opgehef of gehandhaaf word? In hoeverre sal 'n ysterhand in 'n fluweel handskoen die ewewig kan bewaar en die rol van arbiter speel totdat die staat van demokratiese rypheid bereik is wat 'n volkome outonome en stabiele demokratiese inboorlingstaat moontlik maak? Hoe lank sal dit die inboorlinge neem om op bekwame wyse die wetgewende en uitvoerende poste te beset tot tevredenheid van die bevolkingsmeerderheid?

Om die probleem en die toekoms saam te vat in die woorde van 'n

Amerikaanse joernalis:

„For the Belgians, the main problem now is to find a way of dealing with native nationalism without rocking the boat of the Congo's economic and other development."

J. H. COETZEE.

P.U. vir C.H.O.


**Vir verdere raadpleging:**

1. Belgiese Inligtingsdiens (Infor-Congo): **Universiteit van Belgisch Congo,** 1957.
2. **Kent u Belgisch-Congo?** VI, 1958.
3. **Onderwijs en Opvoeding,** 1958.
4. **De Politieke Toekomst van Belgisch-Congo** (Koninklike Boodskap en Regeringsverklaring), 1959.
5. Buell, R. L.: **The Native Problem in Africa,** II, N. Y. Macmillan, 1928.
6. De Meyer, Roger: **Paspoort voor Belgisch-Congo,** Brussel, 1957.
7. Hailey, Lord: **An African Survey** (Revised 1956), O.U.P., 1957.
8. Ministerie van Kolonies: **De Economische Toestand van Belgisch-Congo,** 1958.
9. **Volksgezondheid in Belgisch-Afrika,** 1958.
10. **Congo en Ruanda-Urundi (Land van Tegenstellingen),** 1957.

**TYDSKRIFTE.**

1. **Band** (Algemeen Tijdschrift): Sept.-Okt. 1958 (Jrd. 17 nos. 9, 10).
2. **Belgian Congo** (Maandelikse Bulletin van Infor-Congo) Jan.-Aug. 1959.
3. **Kongo Overzee:** Nos. van 1958 en 1959.
4. **Oost en West** (Congo-nummer): Mei 1958.
5. **Zaïre** (Congolees Tijdschrift): Nos. van 1958 en 1959.